

PARLEMENT VAN DIE PROVINSIE VAN DIE WES-KAAP

AANKONDIGINGS, TERTAFELLEGGINGS EN KOMITEEVERSLAE

WOENSDAG, 17 APRIL 2019

AANKONDIGING

Die Speaker:

Verwysing van dokument na komitee ingevolge artikel 54(1) en (2) van die Wet op die Finansiële Bestuur van die Parlement en Provinsiale Wetgewers (“Financial Management of Parliament and Provincial Legislatures Act”), 2009 (Wet 10 van 2009), soos gewysig:

Parlementêre Toesigkomitee

Wes-Kaapse Provinsiale Parlement: Finansiële maandstate (In-jaar-monitoringsverslag) vir die tydperk geëindig 31 Maart 2019.

TERTAFELLEGGING

Die Speaker:

Tertafellegging van dokument ingevolge artikel 54(1) en (2) van die Wet op die Finansiële Bestuur van die Parlement en Provinsiale Wetgewers (“Financial Management of Parliament and Provincial Legislatures Act”), 2009 (Wet 10 van 2009), soos gewysig:

Wes-Kaapse Provinsiale Parlement: Finansiële maandstate (In-jaar-monitorings-verslag) vir die tydperk geëindig 31 Maart 2019.

KOMITEEVERSLAE

1. Jaarverslag van die Staande Komitee oor Vervoer en Openbare Werke vir die 2018/19-boekjaar, gedateer 14 Maart 2019, soos volg:

Lede

Die Komitee bestaan uit die volgende lede:

Hinana, NE (Voorsitter) (DA)
 Dugmore, CM (ANC)
 Mackenzie, RD (DA) – tot 10 Julie 2018
 Maseko, LM (DA) – van 6 November 2018
 Mngasela, M (DA) – tot 16 Augustus 2018
 Nkondlo, ND (ANC)
 Philander, WF (DA) – van 17 Augustus 2018
 Schäfer, BA (DA) – van 11 Julie 2018 tot 5 November 2018

Alternatiewe Lede

Lekker, PZ (ANC)
 Maseko, LM (DA) – tot 5 November 2018
 Schäfer, BA (DA) – tot 10 Julie 2018
 Simmers, TA (DA)

1. Inleiding

Die mandaat van die Komitee is om:

- 1.1 toesig uit te oefen oor die Uitvoerende Lid en die Departement en sy entiteit oor die manier waarop hulle hul verantwoordelikhede nakom, insluitende die implementering van wetgewing, en om hulle verantwoordingspligtig te hou aan die Wes-Kaapse Provinsiale Parlement; en
- 1.2 wetgewing, asook ander sake en jaarverslae wat deur die Speaker na die Komitee verwys word, te oorweeg en daarvoor verslag te doen.

Ter vervulling van sy mandaat moet die Komitee:

- 1.3 openbare deelname aan en betrokkenheid by die wetgewende en ander prosesse van die Komitee fasiliteer;
- 1.4 sy sake op 'n regverdige, oop en deursigtige wyse uitvoer;
- 1.5 samewerkende regering bevorder; en
- 1.6 gereeld aan die Huis verslag doen.

2. Verslagdoenende departement en entiteite

- 2.1 Departement van Vervoer en Openbare Werke
- 2.2 Staatsmotorvervoer

3. Oorsig van komitee-aktiwiteite

| | |
|---------------------------------|---|
| Getal openbare verhore | 5 |
| Getal toesigbesoeke | 2 |
| Getal NRVP-wetsontwerpe oorweeg | 1 |

4. Toesigaktiwiteite

Die 2018/19-boekjaar word as 'n produktiewe jaar beskou waartydens die interaksie met die Departement en oorlegpleging met talle belanghebbendes hoflike en produktief was en komiteelede in staat gestel het om hul toesigfunksie met objektiwiteit en insig uit te voer.

Die boekjaar was vol gebeure en talle inisiatiewe het opvolgaktiwiteite en -besoeke tot gevolg gehad. Die volgende is 'n opsomming van die Komitee se aktiwiteite gedurende die jaar.

- 4.1 Die bevordering van diensbillikheid in die organisasiestruktuur van die Departement en Staatsmotorvervoer om ongelykhede ten opsigte van ras en geslag reg te stel, bly 'n bekommernis en is deurlopend deur die Komitee geopper. Alhoewel die Departement sekere maatreëls getref het om aan hierdie kwessie aandag te skenk, moet meer gedoen word. Die Komitee het hom aktief beywer vir vordering hiermee.
- 4.2 Die Primêre Skool Kwa-Faku by Philippi, waar alternatiewe bouegnologie ingepan is, was 'n vlagskipprojek van die Departement. Talle probleme is egter ondervind; tot so 'n mate dat die ouers van leerders by die skool hul kinders verbied het om skool toe te gaan omdat hulle bang was dat die klaskamers sou ineenstort. Verstoppe dreine, gekraakte mure en die feit dat onderwysers en leerders emmers moes gebruik om toilette te spoel, was van die probleme wat die gemeenskap vir die Komitee uitgelig het. Die toestand by die skool het daartoe gelei dat die Komitee die Departement gevra het om die Komitee oor die saak in te lig.

Die terugvoer van die Departement aan die Komitee oor die tydraamwerke om die reg te stel, was onaanvaarbaar. Die Komitee het ook sy besorgdheid uitgespreek oor die feit dat niemand vir die stand van sake aanspreeklikheid aanvaar het nie.

Die Komitee het ook die Staande Komitee oor Onderwys uitgenooi om die Komitee te vergesel tydens 'n toesigbesoek aan die skool en aan daaropvolgende vergaderings. Lede van die gemeenskap is ook die geleentheid gegee om hul bekommernisse te opper. Die defektiewe skool het 'n vervalte gebou geword vanwaar verskillende soorte kriminele aktiwiteite bedryf word. Die gebou ondervind ook 'n plaag knaagdiere en reptiele.

'n Dringende vergadering is aangevra met die Minister van Verboer en Openbare Werke en die Minister van Onderwys om die moontlikheid van herpriorisering te bespreek ten einde 'n vroeëre voltooiings- en oorhandigingsdatum vir die plaasvervangende skool moontlik te maak die 'n noodverkrygingsproses, indien nodig, te gebruik. Ongelukkig kon die ministers nie die vergadering bywoon nie en daar is in stede met senior amptenare vergader.

Dit is dus duidelik dat die Komitee die ernstige stand van sake onverbiddelik opgevolg het en in staat is om verslag te doen dat, as gevolg van aanhoudende opvolgwerk en aktiewe toesig, die vervalte gebou nou gesloop is en dat die hoofbouperseel en die mobiele skool berook is. Die Komitee is verder bly om verslag te doen dat die perseel op 24 Augustus 2018 aan die kontrakteur oorhandig is en dat bouwerk goed vorder in die lig van die kontraktuele voltooiingsdatum van 18 Desember 2019. Die Komitee is baie bly dat die Projekbestuurskomitee 'n ferm greep op gemeenskapsake het en dat daar nou saamgewerk word met die sakeforums in die Philippi-gebied. Die gemeenskap van Philippi het sy waardering teenoor die Komitee uitgespreek vir sy ingryping en betoning van bekommernis oor die welstand van leerders by die skool.

- 4.3 Die Wes-Kaapse Provinsiale Eiendomskomitee het tot stand gekom ingevolge regulasie 3(1) van die Wes-Kaapse Wet op Grondadministrasie, 1998 (Wet 6 van 1998). Die Komitee bestaan uit amptenare van provinsiale en nasionale regeringsdepartemente asook vier eksterne lede met bewese eiendoms-ondervinding wat nie in diens van die regering is nie. Die Departement is uitgedaag oor sy vervreemdingsbeleid vir onroerende eiendom aangesien die Provinsiale Eiendomskomitee se jaarverslag, waarvoor die regulasies voorsiening maak, nog nooit in die Wes-Kaapse Provinsiale Parlement ter tafel gelê is nie. Die Komitee het 'n navraag hieroor aan die Departement voorgelê. Die Departement het erken dat daar nienakoming is met die verskaffing van die nodige verslae ingevolge wetgewing en het onderneem om toe te sien dat behoorlike en volledige verslae bygehou word ten einde aan hierdie bepaling te voldoen. As gevolg van die Komitee se volharding met hierdie belangrike saak het die Departement vir die eerste keer die Provinsiale Eiendomskomitee se jaarverslae vir 2016 en 2017 voorgelê.
- 4.4 'n Ander fokusgebied van die Komitee, met betrekking tot die Departement se vervreemdingsbeleid, hou verband met die Helen Bowden-verpleegtehuis by Groenpunt en die stand van sake by die terrein. Die volgende sleutelkwessies is bespreek: die spanning tussen inwoners en die feit dat een persoon wreed aangerand is en 'n ander een doodgemaak is; die bedrag geld wat aan sekuriteit by die perseel bestee is; die proses om met die inwoners te skakel; en die feit dat die gebou nie elektrisiteit en lopende water het nie. Talle behuisingsaktiviste en inwoners van die gebou was teenwoordig by die vergadering en is toegelaat om met die Komitee in gesprek te tree. Die Komitee bly bekommers oor die stand van sake by die verpleegtehuis.
- 4.5 Die Komitee het die Groot-Brak-padinfrastruktuuropgraderingsprojek in die Tuinroete- munisipale gebied besoek as deel van die Groepering B-besoekweek. Die Groot-Brak-padinfrastruktuuropgraderingsprojek, wat deur die Departement befonds word, is onderneem om die MR344 (R102) tussen Hartenbos en Groot-Brak en die DR1578 tussen Tergniet en Wolwedans op te gradeer, in stand te hou en te herstel ten einde toenemende verkeersvolumes, as gevolg van 'n toename in die getal inwoners in die omliggende gebied, beter te akkommodeer. Alhoewel die Komitee die opgraderingsprojek verwelkom het, het hy kommer uitgespreek oor die uitsluiting van plaaslike ondernemings, ten spyte daarvan dat die projek die skepping van werkgeleenthede in die gebied toegelaat het. Die Departement het onderneem om aandag aan hierdie kwessie te skenk en het sedertdien verskillende strategieë ingespan om van ontluikende kontrakteurs en subkontrakteurs in die omliggende gebiede gebruik te maak.

- 4.6 Die stand van die taxibedryf in die Wes-Kaap bekommer die Komitee en die Komitee het hieroor met die Departement geskakel om die wisselvalligheid in die bedryf en die redes daarvoor beter te verstaan. Die volgende sake is met die Komitee bespreek: sekere sensitiewe sake wat ondersoek word; projekte en planne wat saam met die Suid-Afrikaanse Polisie diens en die Nasionale Vervolginggesag beplan word; en statistiek wat van die Suid-Afrikaanse Polisie diens ontvang is. Die Departement het ook in breë trekke die regulatoriese omgewing vir openbare vervoer en die regulatoriese uitdagings en ingrypings vir die Komitee geskets.

Die hoofsaak van die konflik en geweld en die maatreëls om daaraan aandag te skenk, is uitgelig. Verskillende hooggeregshofaansoeke en verskillende onwettige aktiwiteite wat spesifiek met taxiverenigings verbind word, is ook uitgelig.

Die uitreiking van nuwe operateurlisensies en die hernuwing van bestaandes, in die besonder die tydraamwerke wat hiermee verband hou, het die Komitee bekommer en die Departement is versoek om die kwessie op te los. In die oorsigjaar het die verkiesing van die nuwe leiers van die Suid-Afrikaanse Nasionale Taxiraad (“South African National Taxi Council” of Santaco) plaasgevind.

- 4.7 Die spesifieke voorstelle wat die Departement aan die Provinsiale Tesourie gemaak het oor die benutting van Staatsmotorvervoer se kontantreserwes wat belê is, is deur die Komitee ondersoek. Die Komitee is oor hierdie saak ingelig met betrekking tot die toesigbestuursbeginsels wat met die onttrekking van reserwes verband hou en die impak daarvan op en benadering tot die bestuur van reserwebelegging. Die fondse is deur die Provinsiale Tesourie belê om ’n hoër beleggingsopbrengs te behaal as wat moontlik was in die entiteit se bankrekening. Die Komitee het gereeld opdaterings ontvang oor die infrastruktuurontwikkelingsprojekte wat aan die benutting van hierdie reserwebeleggings gekoppel is.
- 4.8 Die Departement het die Komitee ingelig oor die Kerstydverkeersveiligheidsplan vir 2018 met betrekking tot uitvoeringsdoelwitte, kritieke dae, kritieke data en gevaarlike roetes. Daar is uitgebrei oor die meganismes wat in die Kerstyd gebruik word om padveiligheid by bestuurders en voetgangers te bevorder en oor die moniterings- en evalueringinstrumente wat gebruik word om as uitvoeringsaktiwiteite te beoordeel om uitvoeringsnakoming te verseker.

Die Departement se Kommunikasie strategie, Mediaplan en geïdentifiseerde uitvoeringsvennote -uitdagings is uitgelig.

Die Departement het die Komitee verder ingelig oor fokusareas in verkeerswets-toepassing en padveiligheidsbestuursinisiatiewe. Daar is uitgebrei oor interprovinsiale wetstoepassingsaktiwiteite en die impak wat bewyslewerende asemalkoholtoetsing (“Evidentiary Breath Alcohol Testing”) en lukrake alkoholtoetsing op die padsterftesyfer het. Die bestuur van bestuurdervermoeidheid is ook uitgelig en die Departement se pogings om dit te bekamp, is benadruk. Die Departement het ook hul tegnologies gevorderde toerusting ten toon gestel om oortreders te vervolg en padsterftes te verminder. Die impak van die Verkeersplan is beoordeel en die uitvoeringsuitdagings, -suksesse en -prestasie is uitgelig. Die tekort aan verkeersbeamptes in die Wes-Kaap bly ’n bekommernis vir die Komitee.

- 4.9 Die Wes-Kaapse Provinsiale Wysigingswetsontwerp op Padverkeersadministrasie [W 3–2017] is op 15 Augustus 2017 na die Komitee verwys. Op 22 Augustus 2017 het die Departement die Komitee ingelig oor die inhoud en impak van die Wysigingswetsontwerp en drie openbare verhore is tussen 31 Oktober en 14 November 2017 gehou. Adv Le Roux, die Wes-Kaapse Provinsiale Parlement se regsadviseur, het sy kommer uitgespreek dat die Wysigingswetsontwerp aan die provinsiale Minister die bevoegdheid gee om voertuie vir sekere padverkeersoortredings te skut sonder dat daar enige struktuur of riglyne bestaan vir die toepassing van hierdie bevoegdheid. Daar is uitgewei oor verskillende hofsake waarin die grondwetlike ontoelaatbaarheid uitgewys is van 'n wetgewer om sy eie plenêre wetgewende bevoegdhede aan die uitvoerende toe te ken. Op grond van hierdie regsmening het die Komitee versoek dat die Departement die proses bespoedig om 'n begroning vir die Wysigingswetsontwerp saam te stel sodat die Departement, wanneer dit voltooi is, meer gedetailleerde bepalings oor die skut van voertuie kan voorstel. Die Komitee het verder besluit dat sy oorweging van die Wysigingswetsontwerp op te skort totdat die Departement meer gedetailleerde bepalings oor skut van voertuie voorgestel het.

In Februarie 2019 het die Departement die Komitee ingelig dat die Departement die samestelling van die begroning om die omvang van die skut van voertuie te bepaal, afgehandel het en dat dit tot 'n aansienlike herformulering van die Wysigingswetsontwerp gelei het. Nadat advies van die Afdeling Regsdienste van die Departement van die Premier ingewin is, het die Departement aangekondig dat die Wysigingswetsontwerp teruggetrek word.

- 4.10 Die Komitee het ook die jaarverslae van die Departement van Vervoer en Openbare Werke en van sy entiteit, Staatsmotorvervoer, oorweeg. Begrotingspos 10 in die Wes-Kaapse Aansuiweringsbegrotingswetsontwerp [W 6–2018] en Begrotingspos 10 in die Wes-Kaapse Begrotingswetsontwerp [W 1–2019] was die onderwerp van 'n oefening in openbare deelname en het tot intense bespreking aanleiding gegee.

5. Wetgewing

In die 2018/19-boekjaar het die Komitee aan die volgende stukke wetgewing aandag geskenk:

5.1 Provinsiale wetsontwerpe

- 5.1.1 Wes-Kaapse Aansuiweringsbegrotingswetsontwerp [W 6–2018]: Begrotingspos 10 – Vervoer en Openbare Werke.
- 5.1.2 Wes-Kaapse Begrotingswetsontwerp [W 1–2019]: Begrotingspos 10 – Vervoer en Openbare Werke.
- 5.1.3 Wes-Kaapse Provinsiale Wysigingswetsontwerp op Padverkeersadministrasie [W 3–2017].

5.2 NRVP-wetsontwerpe (artikel 76)

- 5.2.1 Die Wysigingswetsontwerp op die Administratiewe Beregting van Padverkeersmisdrywe (“Administrative Adjudication of Road Traffic Offences Amendment Bill” of Aarto) [W 38B–2015] (NRVP) is op 4 Oktober 2017 na die Komitee verwys. In ooreenstemming met die tydraamwerke van die NRVP het die nasionale Departement van Vervoer die Komitee op 14 November 2017 oor die

Wysigingswetsontwerp ingelig. Ná behoorlike beraadslaging en oorweging het die Komitee vyf openbare verhore oor die Wysigingswetsontwerp gehou. Die openbare verhore het in die 2017/18-boekjaar plaasgevind in elk van die volgende gebiede: Bellville, Khayelitsha, Mosselbaai, Hermanus en Clanwilliam.

Die Komitee se onderhandelings- en finalemandaatverslag is in die 2018/19-boekjaar aan die NRVP voorgelê in ooreenstemming met die Wet op Mandaatprosedures van Provinsies (“Mandating Procedures of Provinces Act”), 2008 (Wet 52 van 2008), en die tydraamwerke soos bepaal deur die tersaaklike gekose komitee van die NRVP.

5.2.2 Die Wysigingswet op Nasionale Landvervoer (“National Land Transport Amendment Bill”) [W 7B–2016] (NRVP) is op 17 Mei 2018 na die Komitee verwys. Ná behoorlike beraadslaging en oorweging het die Komitee twee openbare verhore gehou, een by George en een in Kaapstad.

Die Komitee se onderhandelings- en finalemandaatverslag is aan die NRVP voorgelê in ooreenstemming met die Wet op Mandaatprosedures van Provinsies (“Mandating Procedures of Provinces Act”), 2008 (Wet 52 van 2008), en die tydraamwerke soos bepaal deur die tersaaklike gekose komitee van die NRVP.

6. Fasilitering van openbare betrokkenheid en deelname

Die Komitee het, in ooreenstemming met sy mandaat om openbare deelname aan die wetgewende proses te fasiliteer, twee openbare verhore gehou om provinsiale geldwetsontwerpe te oorweeg, een openbare verhoor gehou om die jaarverslae van die Departement en sy entiteit te oorweeg, en twee openbare verhore oor die Wysigingswet op Nasionale Landvervoer (“National Land Transport Amendment Bill”) [W 7B–2016] (NRVP) gehou.

7. Finansiële besonderhede

Die Komitee se werklike besteding in die 2018/19-boekjaar teen 14 Maart 2019 was R148 886,19.

2. Jaarverslag van die Staande Komitee oor Omgewingsake en Ontwikkelingsbeplanning vir die 2018/19-boekjaar, gedateer 14 Maart 2019, soos volg:

Lede

Die Komitee het uit die volgende lede bestaan:

Simmers, TA (DA) – Voorsitter tot 5 November 2018, lid vanaf 6 November 2018
 Philander, WF – lid vanaf 17 Augustus 2018; Voorsitter vanaf 6 November 2018
 Beerwinkel, CF (ANC)
 Dijana, TM (ANC)
 Hinana, NE – vanaf 11 Julie 2018
 Mackenzie, RD (DA) – tot 10 Julie 2018

Mnqasela, M (DA – vanaf 6 November 2018
Schäfer, BA (DA) – tot 5 November 2018

Alternatiewe Lede

Allen, RI (DA) – van 22 Januarie 2019
Hinana, NE (DA) – van 17 Augustus 2018
Maseko, LM (DA)
Mnqasela, M (DA) – tot 5 November 2018
Olivier, RT (ANC)

1. Inleiding

Die mandaat van die Komitee is om:

- 1.1 toesig uit te oefen oor die Uitvoerende Lid en die Departement en sy entiteit oor die manier waarop hulle hul verantwoordelikhede nakom, insluitende die implementering van wetgewing, en om hulle verantwoordingspligtig te hou aan die Wes-Kaapse Provinsiale Parlement; en
- 1.2 wetgewing, asook ander sake en jaarverslae wat deur die Speaker na die Komitee verwys word, te oorweeg en daarvoor verslag te doen.

Ter vervulling van sy mandaat moet die Komitee:

- 1.3 openbare deelname aan en betrokkenheid by die wetgewende en ander prosesse van die Komitee fasiliteer;
- 1.4 sy sake op 'n regverdige, oop en deursigtige wyse uitvoer;
- 1.5 samewerkende regering bevorder; en
- 1.6 gereeld aan die Huis verslag doen.

2. Verslagdoenende departement en entiteite

- 2.1 Departement van Omgewingsake en Ontwikkelingsbeplanning
- 2.2 CapeNature

3. Oorsig van komitee-aktiwiteite

| | |
|---------------------------------|----|
| Getal komiteevergaderings | 16 |
| Getal openbare verhore | 6 |
| Getal toesigbesoeke | 2 |
| Getal NRVP-wetsontwerpe oorweeg | 1 |

4. Toesigaktiwiteite

Die 2018/19-boekjaar word as 'n produktiewe jaar beskou waartydens die interaksie met die Departement en oorlegpleging met talle belanghebbendes hoflike en produktief was en komiteeledede in staat gestel het om hul toesigfunksie met objektiwiteit en insig uit te voer.

Die boekjaar was vol gebeure en talle inisiatiewe het opvolgaktiwiteite en -besoeke tot gevolg gehad. Die volgende is 'n opsomming van die Komitee se aktiwiteite gedurende die jaar.

- 4.1 Die tekort aan grondopvulterreine in Suid-Afrika as 'n geheel en in die Wes-Kaap in die besonder is en gaan voort om probleme te skep vir die land se herwinningsplanne, want dit plaas 'n swaar las op 'n stelsel wat reeds oorlaai is. Opvulterreine word gewoonlik ontwerp met 'n spesifieke leeftyd wat bepaal word deur die volume afval wat daar geberg kan word. Nadat 'n opvulterrein vol geraak het, moet dit gesluit word en buite diens gestel word. Die doeltreffende remediërende proses vir opvulterreine stel egter 'n uitdaging aan openbare en privaat entiteite en daarom fokus die Komitee op die gedesentraliseerde bestuur ("regionalisation") van hierdie terreine.

Om hieraan aandag te skenk is die Komitee ingelig deur die Departement van Omgewingsake en Ontwikkelingsbeplanning en sleuteldistriksmunisipaliteite oor die onderwerp van streeksgrondopvulterreine, met die hoofokus op die terreine in die Eden-distrik en by Kalbaskraal en Atlantis. Die Departement se inligtingsessie het op streeksafvalwegdoeningsfasiliteite gefokus met spesifieke verwysing na gedesentraliseerde bestuur ("regionalisation") en die voordele daarvan, uitdagings ondervind met die lugruimte van grondopvulterreine, die nakomingstatus van afvalwegdoeningsfasiliteite en hangende litigasie.

Die Eden-distriksmunisipaliteit in die besonder het inligting aan die Komitee gegee waarin die behoefte aan 'n streeksgrondopvulfasiliteit gespesifiseer is, met spesifieke verwysing na omgewingsimpakbepalings oordelings wat uitgevoer is en openbare-private-vennootskappe wat met sommige munisipale rade gesluit is.

Die Komitee, as deel van die Groepering B-besoekweek wat in Augustus 2018 plaasgevind het, het hierdie kwessie opgevolg toe die Komitee die streeksgrondopvulterreine in die Eden-distriksmunisipaliteit besoek het. Die afvaardiging het die Departement van Omgewingsake en Ontwikkelingsbeplanning en die Eden-distriksmunisipaliteit ontmoet om afvalbestuur by die streeksgrondopvulterrein van die Eden-distriksmunisipaliteit te bespreek. Fokusgebiede het ingesluit: die finansiële impak op munisipaliteite, die voordele van die projek, uitdagings wat ondervind word, openbare-private-vennootskappe met munisipale rade en met die privaat sektor wat gesluit is, die moontlikheid van 'n biobrandstofaanleg by die terrein en afvalverminderingsinisiatiewe wat in die onderskeie kategorie B-munisipale gebiede gevolg word.

- 4.2 Die Komitee het ook op die rehabilitasie van vleilandgebiede gefokus, insluitende op die waterbehoud en -filtrasie in opvangsgebiede. CapeNature het spesifieke inligting hieroor aan die Komitee gegee wat op die bewaring en herstel van vleilande gefokus het. As gevolg van die waterkrisis in die Wes-Kaap het die Komitee 'n omvattende oorsig oor die Bergrivier-verbeteringsplan en die Breederivier-omgewingshulpbronbewaringsplan aangevra en ontvang. Die Watersentrum ("Water Hub") by Franschhoek het tot stand gekom as 'n projek om aandag te skenk aan die bestaande uitdagings in 'n toenemende onvoorspelbare en onseker omgewing deur middel van nuwe idees, nuwe tegnologie en verbeterde vaardighede. Die Komitee hoop dat die Watersentrum as aansporing sal dien vir 'n nuwe paradigma in waterbestuur en tot die ontwikkeling van 'n watertegnologie-groepering sal lei.

- 4.3 Proaktiewe beplanning en aanpasbate maatreëls, eerder as reaktiewe maatreëls, is nodig om die gevolge van klimaatsverandering te verklein. Die Komitee het op die ekonomiese impak en geleentehede gefokus wat uit klimaatsverandering voortspruit, en op die kostevoordeelontleding van die Klimaatsveranderingreaksie-strategie wat die Departement geïmplementeer het. Die Komitee het die Departement versoek om munisipaliteite te help om hul klimaatsveranderings-aanpassingsplanne op te stel en is bly om verslag te doen dat al die munisipaliteite in die Wes-Kaap nou oor klimaatsveranderingsaanpassingsplanne beskik. Dit is interessant om daarop te let dat elke provinsiale staatsdepartement 'n aanwyser in hul jaarlikse prestasieplanne het wat gekoppel is aan projekte in hul onderskeie departemente wat op klimaatsverandering fokus.
- 4.4 Die feit dat biodiversiteit CapeNature se kernfunksie is, maar deel van Program 5 van die Departement is, is 'n bekommernis vir die Komitee. 'n Verdere bekommernis is die indiensneming van konsultante deur die Departement om te doen wat CapeNature se mandaat is om te doen. Die Komitee is bekommerd dat dit blyk asof verslagdoening in hierdie program gedupliseer word. Omdat CapeNature direk aan die Minister van Plaaslike Regering, Omgewingsake en Ontwikkelingsbeplanning verslag doen, het die Komitee voorgestel dat hierdie funksies saamgegroeper moet word as deel van Program 1 en die Komitee het die Departement aangemoedig om die moontlikheid daarvan te ondersoek.
- 4.5 Die Komitee het 'n opdatering van die Departement ontvang, ten einde sy aktiwiteite behoorlik te beplan, oor die Departement se gereedheid om die Wes-Kaapse Biodiversiteitswetsontwerp (“Western Cape Biodiversity Bill”) aan die wetgewer voor te lê. Die doel van hierdie Wetsontwerp is om voorsiening te maak vir die raamwerk en instellings vir natuurbewaring en -beskerming, en om die biodiversiteit van en ekosistels in die provinsie te bestuur en volhoubaar te benut. Talle uitdagings is egter met die opstel van hierdie Wetsontwerp ondervind en dit sal nie gereed wees vir voorlegging voor die einde van hierdie parlementere sessie nie.
- 4.6 Die Komitee het toesigbesoeke by die Stony Point- en Kogelberg-natuurreservaat afgelê. Die doel van die besoeke was om 'n begrip te vorm van die reservate se biodiversiteits- en bewaringskwessies en die impak wat dit op ekonomiese groei en toerisme in die gebied het. Die Komitee was baie tevrede met die uitstekende prestasie van CapeNature en die moeite en kundigheid van bedryfskundiges wat met die ontwikkeling van die Oudebosch-fasiliteit in die Kogelberg-natuurreservaat gehelp het. Die Komitee was ook beïndruk deur die gemeenskaps-betrokkenheid by die “On the Edge”-restaurant en met die mentorskapsrol wat CapeNature gespeel het. Die Komitee wens CapeNature geluk met sy uitstekende prestasie hier.
- 4.7 Ruimtelike beplanning en grondgebruikbestuur was ander fokusgebiede van die Komitee. In hierdie verband het die Departement bygewerkte inligting aan die Komitee verstrekkend oor die Grondgebruikbeplanningsregulasies (“Land Use Planning Regulations”), 2015: Konsepswysiging 2018, en onlangse ontwikkelings met die Wet op Ruimtelike Beplanning en Grondgebruikbestuur, 2013 (Wet 16 van 2013), ook bekend as SPLUMA (akroniem vir “Spatial Planning and Land Use Management Act”).

Met verwysing na eersgenoemde het die Departement die Komitee ingelig oor die agtergrond en doel van die regulasies, die voorgestelde wysigings en die openbare-deelnameproses wat gevolg is.

Met verwysing na laasgenoemde het die Departement vir die Komitee agtergrond-inligting gegee oor die tydperk voor die bekragtiging van SPLUMA, die ontwikkeling ná die implementering daarvan en die uitdagings en regs-kwessies wat ondervind is. Die Departement het verder aangedui dat die behoefte bestaan vir die totstandkoming van verskillende werkgroepe met fokusgebiede vir elke groep. Die gereedheid van munisipaliteite in die Wes-Kaap om die wysigings aan SPLUMA te implementeer, is ook aan die Komitee voorgeleë.

Die Komitee is bekommers oor die gebrek aan kapasiteit en kennis by sommige munisipaliteite om die nodige veranderings aan hul munisipale ruimtelike-beplanningsverordeninge aan te bring en die impak wat dit op ekonomiese ontwikkeling in die spesifieke munisipale gebiede sal hê.

- 4.8 Die Komitee het ook die jaarverslae van die Departement van Omgewingsake en Ontwikkelingsbeplanning en sy entiteit, CapeNature, oorweeg. Die Wes-Kaapse Aansuiweringsbegrotingswetsontwerp [W 6–2018]: Begrotingspos 9 en die Wes-Kaapse Begrotingswetsontwerp [W 1–2019]: Begrotingspos 9 was onderwerpe van intense bespreking.

5. Wetgewing

In die 2018/19-boekjaar het die Komitee aan die volgende stukke wetgewing aandag geskenk:

5.1 Provinsiale wetsontwerpe

- 5.1.1 Wes-Kaapse Aansuiweringsbegrotingswetsontwerp [W 6–2018]: Begrotingspos 9 – Omgewingsake en Ontwikkelingsbeplanning.
- 5.1.2 Wes-Kaapse Begrotingswetsontwerp [W 1–2019]: Begrotingspos 9 – Omgewingsake en Ontwikkelingsbeplanning.

5.2 NRVP-wetsontwerpe (artikel 76)

Die Wetsontwerp op Mariene Ruimtelike Beplanning (“Marine Spatial Planning Bill”) [W 9D–2017] (NRVP) is op 17 Mei 2018 na die Komitee verwys.

Ná behoorlike beraadslaging en oorweging het die Komitee drie openbare verhore oor die Wetsontwerp gehou. Een verhoor is in elk van die volgende gebiede gehou: Saldanhaabaai, Mosselbaai en Kaapstad.

Die Komitee se onderhandelings- en finalemandaatverslag is aan die NRVP voorgeleë in ooreenstemming met die Wet op Mandaatprosedures van Provinsies (“Mandating Procedures of Provinces Act”), 2008 (Wet 52 van 2008), en die tydraamwerke soos bepaal deur die tersaaklike gekose komitee van die NRVP.

6. Fasilitering van openbare betrokkenheid en deelname

Die Komitee het, in ooreenstemming met sy mandaat om openbare deelname aan die wetgewende proses te fasiliteer, het die Komitee die volgende openbare verhore gehou: twee openbare verhore om provinsiale geldwetsontwerpe te oorweeg, een openbare verhoor om die Departement en entiteit se jaarverslae te oorweeg en drie openbare verhore om die Wetsontwerp op Mariene Ruimtelike Beplanning (“Marine Spatial Planning Bill”) [W 9D–2017] (NRVP) te oorweeg.

7. Finansiële besonderhede

Die Komitee se werklike besteding in die 2017/18-boekjaar was op 12 Maart 2019 R169 236,77.

3. Jaarverslag van die Staande Komitee oor Plaaslike Regering vir die 2018/19-boekjaar, gedateer 15 Maart 2019, soos volg:

Lede

Die Komitee het uit die volgende lede bestaan:

Mnqasela, M (DA) (Voorsitter)
 Dyantyi, QR (ANC)
 Hinana, NE (DA)
 Joseph, BD (EFF)
 Simmers, TA (DA)

Alternatiewe Lede

Maseko, LM (DA)
 Allen, RI (DA)
 Philander, WF (DA)
 Olivier, RT (ANC)

1. Inleiding

1.1 Die mandaat van die Komitee is om:

1.1.1 toesig uit te oefen oor die Uitvoerende Lid en sy Departement insluitende die implementering van wetgewing, en om hulle verantwoordingspligtig te hou aan die Wes-Kaapse Provinsiale Parlement;

1.1.2 wetgewing, asook ander sake en jaarverslae wat deur die Speaker na die Komitee verwys word, te oorweeg en daaroor verslag te doen;

1.1.3 die prestasie van munisipaliteite en munisipale entiteite te evalueer deur die hersiening van:

1.1.3.1 die algemene jaarverslae voorgelê aan die Provinsiale Parlement ingevolge artikel 132(1) van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Finansiële Bestuur, 2003 (Wet 56 van 2003);

- 1.1.3.2 die toesigverslae aangeneem deur die onderskeie munisipale rade oor daardie jaarverslae;
- 1.1.3.3 enige verslae uitgereik deur die Ouditeur-generaal oor die aangeleenthede van enige munisipaliteit in die provinsie;
- 1.1.3.4 die gekonsolideerde state van munisipale begrotings waarna verwys word in artikel 71(7) van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Finansiële Bestuur, 2003 (Wet 56 van 2003); en
- 1.1.3.5 enige ander verslag of verklaring oor die aangeleenthede van munisipaliteite wat deur die Huis na die Komitee verwys is.

1.2. Ter vervulling van sy mandaat moet die Komitee:

- 1.2.1 openbare deelname aan en betrokkenheid by die wetgewende en ander prosesse van die Komitee fasiliteer;
- 1.2.2 sy sake op 'n regverdige, oop en deursigtige wyse uitvoer;
- 1.2.3 samewerkende regering bevorder; en
- 1.2.4 gereeld aan die Huis verslag doen.

2. Verslagdoenende departement

Departement van Plaaslike Regering.

3. Oorsig oor komitee-aktiwiteite

| | | |
|-----|--|----|
| 3.1 | Getal komiteevergaderings | 13 |
| 3.2 | Getal toesigbesoeke | 1 |
| 3.3 | Getal provinsiale wetsontwerpe oorweeg | 2 |
| 3.4 | Getal NRVP-wetsontwerpe oorweeg | 2 |
| 3.5 | Getal openbare verhore | 9 |

4. Toesigaktiwiteite

- 4.1 In die eerste kwartaal het die Komitee ses openbare verhore gefasiliteer oor die Wetsontwerp op die Tradisionele en Khoi-San-leierskap (“Traditional and Khoi-San Leadership Bill”) [W 23D–2015] (NRVP). Die openbare verhore is goed bygewoon deur 1 118 lede van die publiek en 69 mondelinge en skriftelike voorleggings is by hierdie verhore gemaak. Ná behoorlike oorweging het die Komitee sy onderhandelingsmandaat namens die Wes-Kaap voorgelê om die Wetsontwerp met wysigings te steun. In die lig van die Komitee se toesig-verantwoordelikheid het die Departement die Komitee ingelig oor die klopjag wat die Valke by die George-munisipaliteit uitgevoer het en vir die Komitee 'n opdatering gegee van die status van regeringstoedig en dienslewering by al die ander munisipaliteite in die provinsie. Verskeie ondersoeke van die Valke is aan die gang en toekomstige terugvoersessies met die Departement moet geskeduleer word.
- 4.2 Die Komitee het die finalemandaatverslag oor die Wysigingswetsontwerp op die Raamwerk vir Tradisionele Leierskap en Regeringspraktyk (“Traditional Leadership and Governance Framework Amendment Bill”) [W 8D–2017] (NRVP) oorweeg en aangeneem. Die Komitee het die Eden-distrik as deel van sy toesigfunksie besoek. Die Komitee, as deel van die diensleweringsgroepering, het

die Kangogrotte besoek waartydens die Komitee ingelig is oor die Kangogrotte as 'n belangrike toeriste-atraksie vir Oudtshoorn en die groter Eden-distrik. Ná die inligtingsessie het die Komitee 'n begeleide terreinbesoek aan die Kangogrotte gebring.

- 4.3 Die Komitee het ook die finalemandaatverslag oor die Wetsontwerp op die Tradisionele en Khoi-San-leierskap (“Traditional and Khoi-San Leadership Bill”) [W 23D–2015] (NRVP) aangeneem. Tydens die aanneming van die finalemandaatverslag het die Komitee aanbeveel dat die Wes-Kaapse afvaardiging in die Nasionale Raad van provinsies nie die Wetsontwerp steun nie. Die Komitee het ook die Departement van Plaaslike Regering se Jaarverslag vir die 2017/18-boekjaar oorweeg en beraadslaag oor Begrotingspos 14: Plaaslike Regering in die Bylae by die Wes-Kaapse Aansuiweringsbegrotingswetsontwerp [W 6–2018] waarna die Komitee se verslag oor die Bylae by die Wetsontwerp aangeneem het.
- 4.4 Die Departement het die Komitee ingelig oor die onlangse brandrampe in die Wes-Kaap en die volgende uitgelig: die impak wat die brande op geraakte gemeenskappe het; die implikasies vir die begrotings van die tersaaklike munisipaliteite; en die status van die rampverklaring deur verskillende munisipaliteite. Die Komitee het ook beraadslaag oor Begrotingspos 14: Plaaslike Regering in die Bylae by die Wes-Kaapse Begrotingswetsontwerp [W 1–2019] waarna die Komitee sy verslag oor die Begrotingspos aangeneem het.

5. Wetgewing

In die 2018/19-boekjaar het die Komitee aan die volgende stukke wetgewing aandag geskenk:

5.1 Provinsiale wetsontwerpe

- 5.1.1 Die Wes-Kaapse Aansuiweringsbegrotingswetsontwerp [W 6–2018]: Begrotingspos 14
- 5.1.2 Die Wes-Kaapse Begrotingswetsontwerp [W 1–2019]: Begrotingspos 14.

5.2 NRVP-wetsontwerpe (artikel 76)

- 5.2.1 Die Wysigingswetsontwerp op die Raamwerk vir Tradisionele Leierskap en Regeringspraktyk (“Traditional Leadership and Governance Framework Amendment Bill”) [W 8D–2017] (NRVP).
- 5.2.2 Die Wetsontwerp op die Tradisionele en Khoi-San-leierskap (“Traditional and Khoi-San Leadership Bill”) [W 23D–2015] (NRVP).

6. Finansiële besonderhede

Aan die einde van die 2018/19-boekjaar was die besteding toeskryfbaar aan die aktiwiteite van die Komitee 'n totale bedrag van R402 797.

4. Verslag van die Staande Komitee oor Gemeenskapsveiligheid oor die aanbeveling van 'n kandidaat vir die Beheerraad van die Wes-Kaapse Drankowerheid, gedateer 14 Maart 2019, soos volg:

1. Die Beheerraad van die Wes-Kaapse Drankowerheid (die Raad) het 'n vakature wat gevul moet word.
2. In ooreenstemming met artikel 3(1) van die Wes-Kaapse Drankwet, 2008 (Wet 4 van 2008), wat bepaal: “(d)ie staande komitee moet die aanbevelings bedoel in subartikel (1) doen ná die evaluering van al die kandidate met betrekking tot hulle geskiktheid vir aanstelling”, het die Komitee op 13 Maart 2019 onderhoude met die kandidate op die kortlys gevoer.
3. Die Komitee het besluit om die naam van die voorkeurkandidaat en daarna die name van die ander kandidate in rangorde voor te lê in geval die voorkeurkandidaat die aanstelling van die hand wys.
4. Die Komitee se voorkeurkandidaat vir aanstelling in die vakature op die Raad is me L Venter. Die ander kandidate, in rangorde, is mnr RG Nicholls en mnr WB Viljoen.
5. Dr LM Mdunyelwa het hom van die onderhoudproses onttrek voor die komiteevergadering op 13 Maart 2019.

5. Verslag oor die Suid-Afrikaanse Polisie diens in die Wes-Kaap se jaarverslag vir die 2017/18 boekjaar.

Die Staande Komitee oor Gemeenskapsveiligheid, nadat die Jaarverslag van die Suid-Afrikaanse Polisie diens (SAPD) in die Wes-Kaap vir die 2017/18-boekjaar oorweeg is, doen soos volg verslag:

1. Inleiding

Die Komitee, ingevolge die bepalings van artikel 206(9) en artikel 207(5) van die Grondwet (1996) en artikel 67(2) en artikel 67(3) van die Grondwet van die Wes-Kaap, is oor die Jaarverslag vir 2017/18 deur die Suid-Afrikaanse Polisie diens (SAPD) se Wes-Kaapse Polisiekommissaris ingelig. Aangesien die Komitee gereeld met die SAPD skakel en daar in September 2018 reeds deeglik beraadslaag is oor die misdaadstatistiek vir 2017/18, is die volgende grootliks 'n weerspieëling van die SAPD se prestasie in die oorsigjaar.

2. Hoofpunte van die SAPD Wes-Kaap se Jaarverslag vir 2017/18

- 2.1 Die SAPD het 71,3% van sy 143 aanwysers behaal.
- 2.2 Die SAPD het 103,93% van sy begrotingstoewysing van R772 598 000 bestee. Dit het 'n werklike besteding van R802 922 570 vir die 2017/18-boekjaar tot gevolg.
- 2.3 Die brandstofbesteding in die oorsigjaar was R245 404 894. Die rede vir die hoë besteding sluit algemene brandstofprysverhogings in om brandstof te kop vir die SAPD se vloot van 6 228 voertuie, in die besonder dubbelkajuitbakkies en die Nyala-voertuie. Hierdie twee soorte voertuie is baie swaar op brandstof. Die maandelikse besteding aan brandstof vir voertuie wat vir die polisieëring van

- openbare orde (“Public Order Policing” of POP) en die bedrywighede van taktiese reaksiespanne (“Tactical Response Team” of TRT) gebruik word, is ongeveer R20 miljoen.
- 2.4 Die SAPD het verslag gedoen dat dit oor ’n vroeëwaarskuwingstelsel beskik om die wisselende brandstofprys ten opsigte van die begrotingstoewysing te monitor.
 - 2.5 Die brandstofbesteding word beïnvloed deur die toename in protesaksievoorvalle en die sporadiese aard asook ander verwant uitgawes soos reis en verblyf, oortyd, bykomende ontplooiings en die instandhouding en herstel van voertuie.
 - 2.6 Alhoewel SAPD-voertuie oor opspoortoestelle (“Automatic Vehicle Locator” of AVL) beskik, is die stelsel nie tans aktief nie hangende die afhandeling van ’n tenderproses om ’n nuwe diensverskaffer aan te stel. Die saak geniet tans die aandag van die nasionale kantoor van die SAPD.
 - 2.7 Die SAPD skakel met belanghebbendes in gebiede waar protesaksie voorgekom het as deel van sy opvolgproses. Die SAPD het verslag gedoen dat hierdie skakeling met belanghebbendes plaasvind om die herhaling van protesaksie te voorkom deur aandag te skenk aan die oorsaak van die aanvanklike onrus.
 - 2.8 Die SAPD verskaf werknemergesondheid-en-welstand-ondersteuningsinisiatiewe aan die onmiddellike gesinne van lede wat aan diens gesterf het. Van hierdie ondersteuning sluit die volgende in: betaling van begrafnisonkoste, uitbetaling van sterftetoelaes tot R250 000 en ’n beursfonds om die afhanklikes van polisielede wat gesterf het, met opvoedkundige uitgawes te help.
 - 2.9 Die terrein vir die Tafelsig-polisiestase sal in Maart 2019 aan die kontrakteur oorhandig word.
 - 2.10 Die SAPD het verslag gedoen dat digbewoonde gemeenskappe polisiëringsmetodes bemoeilik. Die omgewingsontwerp van talle gemeenskappe, veral informele nedersettings, bring mee dat konvensionele polisiëringsmetodes nie doeltreffend is nie. Uitreikprogramme word uitgevoer om gemeenskappe beter op te voed. Omgewingsontwerp, soos onvoldoende straatbeligting, padinfrastruktuur en straatadresse, het ’n impak op polisiëringsmetodes, die hulpbronne wat benodig word en reaksietye.
 - 2.11 Alkohol wat van mense gekonfiskeer word, veral mense betrokke by onwettige drankhandel, word dikwels aan daardie mense teruggegee nadat hulle ’n skulderkenningboete betaal.
 - 2.12 Die SAPD het kortliks hul rol verduidelik om die Departement van Korrektiewe Dienste te help om rehabilitasiemaatreëls te implementeer om te voorkom dat tronkbendelede weer by misdaad betrokke raak.
 - 2.13 Die SAPD neem deel aan ’n studie, met die misdaadoorsaakhipotese (“Crime Causation Hypothesis”) as riglyn, om maatreëls in te stel om die moordsyfer in die provinsie te verlaag.
 - 2.14 ’n Totaal van 1 070 intreevlakkonstabels sal na verwagting in Maart 2019 by die SAPD-kollege inskryf en hierdie konstabels sal na verwagting in Desember 2019 hul opleiding voltooi.
 - 2.15 Die SAPD het ook verslag gedoen dat 97 administratiewe personeellede by die provinsie se personeeldiensstaat gevoeg sal word.
 - 2.16 Die SAPD het ook die heropname van voormalige polisielede tot op die vlak van adjudant-offisier goedgekeur.
 - 2.17 Die SAPD het erken dat meer vroue op senior vlak aangestel moet word.
 - 2.18 Met betrekking tot vuurwapenbevoegdheidsopleiding: die SAPD het ’n sukseskoers van 88,3% behaal vir lede wat bevoeg is om ’n vuurwapen te gebruik. Daar is ook ’n instandhoudingsbevoegdheidsopleidingskursus, wat pistoolklinieke genoem word, om lede te help om vir hul vuurwapenbevoegdheidsassesserings voor te berei.

3. Besluite

- 3.1 Die Komitee het besluit om vir die nasionale Minister te skryf om kommer uit te spreek ook die teruggawe van gekonfiskeerde alkohol nadat 'n skulderkenningsboete betaal is ten einde die stelsel te verander omdat dit polisiebeamptes wat die alkohol gekonfiskeer het, demoraliseer en as aansporing dien vir die voortsetting van onwettige drankhandel.

4. Versoeke om inligting

Die Komitee het VERSOEK dat die Wes-Kaapse SAPD die volgende inligting verstrek:

- 4.1 'n Lys van die gebiede waar gemeenskapsuitreikprogramme in die 2017/18-boekjaar plaasgevind het.

5. Bywerking van komiteeprogram

Die Komitee het die volgende items by die komiteeprogram gevoeg:

- 5.1 'n Inligtingsessie deur die Wes-Kaapse SAPD oor die misdaadoorsaakhipotese ("Crime Causation Hypothesis") en die implementering daarvan.
- 5.2 SAPD-meganismes om bendes in informele nedersettings aan bande te lê, soos dié wat veral op die Kaapse Vlakte gebruik word om bendestrukture teen te werk.

6. Oorweging en aanneming van konsepkomiteedokumente

Die Komitee het die konsepnotule van 22 Augustus 2018, 2 November 2018 en 14 November 2018 aanvaar asook die konsepverslag van die bespreking van die Wes-Kaapse Polisie-ombudsman se Jaarverslag vir 2017/18 en die Jaarverslag vir 2017/18 en Jaarlikse Polisieplan vir 2018/19 van die Kaapstadse Metropolitaanse Polisie-departement.

6. Die Staande Komitee oor Gemeenskapsveiligheid, nadat debat gevoer is oor die Verslag oor Polisiëringsbehoefte en -prioriteite vir 2017/18, gedateer 14 Maart 2019, doen soos volg verslag:

Die Komitee het aanbeveel dat:

1. Met verwysing na 12.1.3 in die verslag moet die Departement aspekte insluit wat verband hou met die bestuursverskuiwing by die Suid-Afrikaanse Polisediens (SAPD) op stasievlak om aandag aan afwesigheid te skenk. Afwesigheid kan wees as gevolg van siekverlof, verlof, herontplooiing en/of opleiding en al hierdie kategorieë moet oorweeg word.
2. Met verwysing na 12.1.4 in die verslag moet die verspreiding van hulpbronne gewysig word om personeel op stasievlak eerder as op die vlak van die provinsiale kantoor te vermeerder.
3. Met verwysing na aanbeveling 9 in die verslag moet 'n geormerkte span die verantwoordelikheid ontvang om seker te maak dat lêers gereed is vir hofsittings. 'n Aanklaer moet aan elke polisiestasie toegewys word en naby aan die polisie geleë

- wees om seker te maak dat lêers gereed is vir hofsittings. Dit sal die ondersoek van alle sake, gelei deur die aanklaer, bevorder, want alle bewyslêers gereed sal wees.
4. Met verwysing na aanbeveling 6 en aanbeveling 8 in die verslag moet beamptes beter oplei word in die hantering van sake wat gemoeid is met geweld tussen intieme lewensmaats, ouers en kinders en onderwysers en kinders.
 5. Met verwysing na aanbeveling 6 in die verslag, saamgelees met aanbeveling 9 en aanbeveling 10, moet die rol van die Forensiesewetenskaplaboratorium oorweeg word.
 6. Met verwysing na aanbeveling 13 in die verslag moet polisiehulpbronne in die Wes-Kaap nie net vermeerder word nie, maar die verspreiding daarvan moet sodanig wees dat hulpbronne toegewys word op grond van die behoeftes in gebiede wat deur die voorkoms van ernstige misdaad geraak word.
 7. Die verslag moet 'n aanbeveling oor skoolveiligheid bevat om toe te sien dat leerders by skole en op pad na en van skole veilig is.

2. Versoek om inligting:

Die Komitee versoek die Departement van Gemeenskapsveiligheid om die volgende te verstrek:

- 2.1 'n Lys van die errata in die Verslag oor Polisiëringsbehoefte en -prioriteite vir 2017/18 wat aan die Suid-Afrikaanse Polisie diens voorgelê is.

7. Jaarlikse aktiwiteitsverslag van die Staande Komitee oor Gemeenskapsveiligheid vir die tydperk 1 April 2018 tot 31 Maart 2019.

Gedurende die jaar het die Staande Komitee oor Gemeenskapsveiligheid 16 inligtingsessies gehou, drie toesigbesoeke – aangekondig en onaangekondig – afgelê en deelgeneem aan 'n Groeperingstoesigbesoekweek van 24 tot 27 Julie 2018.

In April 2018 het die Komitee 'n toesigbesoek afgelê by die Suid-Afrikaanse Polisie diens (SAPD) se Parow-polisiestasie, wat 'n inligtingsessie van die bestuur van die polisiestasie ingesluit het oor hulpbronskaffing, misdaadprofiel en gebiedspesifieke bekommernisse. Die besoek het as platform gedien vir verskeie belanghebbendes – insluitende die plaaslike raadslid en die gemeenskapspolisiëringsforum (GPF) en buurtweg van Parow – om hul kommer uit te spreek en suksesse mee te deel oor die polisiëring van die Parow-gebied, in die besonder die Voortrekkerweg-korridor.

Die kantoor van die SAPD se provinsiale Kommissaris het die Komitee ook in April ingelig oor sake wat verband hou met die beskikbaarheid van onwettige vuurwapens in die Wes-Kaap. Hierdie inligtingsessie het die SAPD se operasies uitgelig om die beskikbaarheid en gebruik van hierdie vuurwapens te beperk. Behalwe dat die SAPD in staat was om 38 van die 65 polisievuurwapens wat in 2017/18 verloor is of gesteel is, terug te vind, het die SAPD beslag gelê op 1 342 vuurwapens en groot hoeveelhede ammunisie. Hierdie getal onderstreep die ernstige bedreiging wat beskikbare vuurwapens vir gemeenskappe inhou.

In Mei 2018 het die Komitee 'n toesigbesoek afgelê by verskeie veiligheidskioske in die sentrale sakegebied van Kaapstad. Die Komitee het ook 'n inligtingsessie aangebied vir

mnr I Lester, die HUB van *Beyond Wireless*, die plaaslike implementeringsagentskap van die *ShotSpotter*-tegnologie in Suid-Afrika. Mnr R Clark, die president en HUB van *ShotSpotter* het deur middel van Skype by hom aangesluit, omdat mnr Clark in San Francisco in die Verenigde State van Amerika (VSA) gebaseer is. Die doel van die inligtingsessie was om 'n begrip te vorm van die oorsprong, doel en sukseskoers van die *ShotSpotter*-tegnologie. Hierdie inligtingsessie het as grondslag gedien van die Komitee se toesigbesoek in Junie 2018 aan die Vervoerbeheersentrum in Goodwood waar die *ShotSpotter*-tegnologie deur die Stad Kaapstad se Direkoraat Veiligheid en Sekuriteit gebruik word. Die *ShotSpotter*-tegnologie is in wese 'n stelsel wat gehoorsensors gebruik om geweskote waar te neem en met driehoeksmeting die posisie vanwaar die skote afgevuur is, te bepaal. Tydens die toesigbesoek het die Komitee met verskeie amptenare van die Vervoerbeheersentrum geskaker, eerstehands waargeneem hoe die *ShotSpotter*-tegnologie en die waarnemingsentrum van die Vervoerbeheersentrum besoek.

In Julie 2018 het die Wes-Kaapse Drankowerheid sy kwartaallikse prestasieverslae vir 2017/18 en die eerste kwartaal van 2018/19 voorgelê. Ná hierdie vergadering was Augustus 'n besige maand vol komitee-aktiwiteite. Die Staatsdienskommissie (SDK) het 'n verslag oor polisietekorte in die Wes-Kaap voorgelê. Hierdie verslag is opgestel nadat die Komitee vroeër vir die SDK gevra het om ondersoek in te stel. Die Komitee het ook die aanstelling van die nuwe Wes-Kaapse Polisie-ombudsman (WKPO), mnr J Brand, oorweeg en goedgekeur ingevolge die Wes-Kaapse Wet op Gemeenskapsveiligheid, 2013 (Wet 3 van 2013).

In Augustus 2018 het die Departement van Gemeenskapsveiligheid (Departement) verslag gedoen oor die volgende: die buurtwagprogram, bygewerkte inligting oor die buurtwag-akkrediteringsproses, bygewerkte inligting oor vordering met die alkoholskadevermindering-spelveranderingselement, spesifiek met betrekking tot gevalle wat verband hou met opstroomvervolgings en die verbeuring van alkohol, en bygewerkte inligting oor die implementering van die aanbevelings van die Khayelitsha Kommissie van Ondersoek. Die SAPD het die Komitee ingelig oor vordering met *Operasie Thunder*.

In September 2018 het die Komitee as gasheer opgetree vir 'n afvaardiging van die Hanns Seidel-stigting, en by uitbreiding vir die sentrale ondersoekkantoor van die polisie van Beiere.

Die ontmoeting het op misdaadontleding gefokus. Die SAPD het die Komitee ook ingelig oor die Wes-Kaapse misdaadstatistiek vir 2017/18 Western Crime en die Snelsporeenheid se uitdagings en suksesse in die provinsie.

Die Komitee het deelgeneem aan die sikliese jaarverslag- en begrotingstydperk tussen Oktober en November 2018. Komitee-aktiwiteite het die bespreking van die volgende ingesluit: die Departement en die Wes-Kaapse Drankowerheid se jaarverslae vir 2017/18, die Aansuiweringsbegrotingswetsontwerp vir 2018/19, die jaarverslae vir 2017/18 van die Wes-Kaapse SAPD en die WKPO, en die Kaapstadse se Metropolitaanse Polisie-departement se Jaarlike Polisieplan vir 2019/20.

Die Komitee is weer eens die taak opgelde om 'n vakature in die beheerraad van die Wes-Kaapse Drankowerheid te vul. Nadat die Komitee met die Departement vergader het om

die vereistes vir die vakante posisie vas te stel, het die Komitee sy voorkeurkandidate aan die provinsiale Minister van Gemeenskap voorgelê vir aanstelling in die raad. Die Komitee het ook beraadslaag oor die Verslag oor Polisiebehoefte en -prioriteite vir 2017/18 en sy kommentaar aan die Departement vir oorweging voorgelê. Die Komitee het ook beraadslaag oor sy verslag oor Begrotingspos 4: Gemeenskapsveiligheid in die Bylae by die Wes-Kaapse Begrotingswetsontwerp [W 1–2019] en dit voltooi.

Die Komitee het, deur middel van sy skakeling met die Departement van Gemeenskapsveiligheid, die Wes-Kaapse Polisie-ombudsman, die Wes-Kaapse Drankowerheid, die Suid-Afrikaanse Polisediens en die Kaapstadse Metropolitaanse Polisedepartement, voorgegaan om toesig uit te oefen oor die implementering van die Wes-Kaapse Drankwet, 2008 (Wet 4 van 2008), die Wes-Kaapse Wet op Gemeenskapsveiligheid, 2013 (Wet 3 van 2013), artikel 207 van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika asook artikel 66, 67 en 74 van die Grondwet van die Wes-Kaap.

| | |
|-------------------------------|----|
| Getal komiteevergaderings: | 16 |
| Getal openbare verhore: | 3 |
| Getal toesigbesoeke: | 3 |
| Getal groeperingsbesoekweke: | 1 |
| Getal internasionale besoeke: | 0 |

8. Jaarlikse aktiwiteitsverslag vir 2018/19 van die Staande Komitee oor Kultuursake en Sport vir die tydperk 1 April 2018 tot 31 Maart 2019.

Gedurende die jaar het die Staande Komitee oor Kultuursake en Sport 11 inligtingsessies gehou en deelgeneem aan die Groeperingstoesigweek van 24 tot 27 Julie 2018.

In Mei 2018 het die Zip Zap-sirkusskool die Komitee ingelig oor sy maatskaplike uitreik- en opleidingsprogram wat spesifiek op jongmense gerig is. Die Zip Zap-sirkusskool het verslag gedoen oor sy suksesse en uitdagings, spesifiek met betrekking tot finansiële volhoubaarheid en die toenemende getal jongmense wat voordeel trek uit die kernopleidings- en uitrekprogram. Onmiddellik ná hierdie inligtingsessie het die Departement van Kultuursake en Sport (die Departement) sy kwartaallikse prestasieverslae vir die eerste drie kwartale van 2017/18 voorgelê.

In Mei 2018 het die Departement en sy entiteit, die Wes-Kaapse Kultuurkommissie (WKKK), 'n aanbieding gegee oor die uitdagings wat verband hou met die tradisionele inisiasiepraktyke in die Wes-Kaap. Die Departement het sy rol verduidelik om toe te sien dat tradisionele inisiasiepraktyke met eerbied en na behore gefasiliteer word. Veral betekenisvol was pogings om volhoubare vennootskappe met alle rolspelers, beide gemeenskapsgebaseer en staatsverwant, te sluit. Hierna het Erfenis Wes-Kaap (EWK) aan die beurt gekom oor die delegasie van verantwoordelikhede. Hierdie inligtingsessie het interregeringstrukture met betrekking tot die delegasie van verantwoordelikhede om erfensaansoeke te verwerk, benadruk.

In Julie 2018 het die Komitee as gevolg van 'n lidmaatskapvakature mnr RD Mackenzie as Voorsitter verkies ooreenkomstig die Staande Reëls van die Wes-Kaapse Provinsiale Parlement. Later in hierdie kwartaal, in Augustus, het 'n organisasie bekend as *Street Talk* 'n aanbieding oor sy werk vir die Komitee gegee. Verteenwoordigers van *Street Talk* het van hul beste werk ten toon gestel en verduidelik hoe hulle film vir maatskaplike aktivisme inspan om die lewens van ouer mense deur middel van sport te verbeter.

Die Komitee het deelgeneem aan die Groepering A-besoekweek. Benewens toesigbesoeke aan hospitale, klinieke, skole en ander sleutelplekke, het die portefeuljekomitee spesifiek besoek afgelê by die Saldanhabaai-sportstadion. Die Departement se inligtingsessie het hoofsaaklik gefokus op die Weskus-sportakademie, sy suksesse, uitdagings en infrastruktuurontwikkeling. Die afvaardiging het 'n wandelbesoek by die fasiliteite van die stadion afgelê.

Tussen Augustus en Oktober het die Komitee advertensies geplaas vir nominasies vir die Wes-Kaapse Kultuurkommissie (WKKK) en die Wes-Kaapse Taalkomitee (WKTK). Die ampstermyne van hierdie entiteite het onderskeidelik op 30 September 2018 en 31 Oktober 2018 ten einde gekom. Die Komitee, nadat oor die genomineerdes vir elke entiteit beraadslaag is, het 'n kortlys vir die aanstelling van lede vir elke liggaam aan die provinsiale Minister van Kultuursake en Sport voorgelê.

In September 2018 met die bestuur van die Robbeneiland-museum ("Robben Island Museum" of RIM) vergader om die volgende te bespreek: die jongste ontwikkelings by en die erfenisprogramme van RIM; sy volhoubare vennootskappe met regeringstrukture, die openbare en privaat sektor; en die opgradering van toerusting. Die vergadering het by die Nelson Mandela Gateway by die V&A Waterfront plaasgevind omdat slegte weer die vaart tussen die vasteland en Robbeneiland onmoontlik gemaak het. Ook in September het die nasionale Portefeuljekomitee oor Sport en Ontspanning die Komitee uitgenooi om 'n tweedag-toesigbesoek by die sportfasiliteite by George en Swellendam af te lê. Hierdie besoeke het die geleentheid geskep vir netwerkvorming en samewerking tussen regerings en wetgewers.

As deel van die sikliese toesigproses het die Komitee deelgeneem aan en verslae afgehandel oor die bespreking van die Departement se Jaarverslag vir 2017/18, die Wes-Kaapse Aansuiweringsbegrotingswetsontwerp [W 6–2018] en die Wes-Kaapse Aansuiweringsbegrotingswetsontwerp [W 1–2019].

| | |
|-------------------------------|----|
| Getal komiteevergaderings: | 12 |
| Getal openbare verhore: | 3 |
| Getal toesigbesoeke: | 0 |
| Getal groeperingsbesoekweke: | 1 |
| Getal internasionale besoeke: | 0 |

9. Verslag van die Staande Komitee oor Gemeenskapsontwikkeling oor 'n toesigbesoek afgelê by die Tygerberg-hospitaal op Dinsdag 5 Februarie 2019.

Die Staande Komitee oor Gemeenskapsontwikkeling (Gesondheid), nadat 'n toesigbesoek by die Tygerberg-hospitaal op 5 Februarie 2019 afgelê is, doen soos volg verslag:

Afvaardiging

Die afvaardiging sluit die volgende lede is:

Demokratiese Alliansie

Botha, LJ (Voorsitter)

Mitchell, DG

African National Congress (ANC)

Makeleni, P

Bykomende Lede

Gopie, D (ANC)

Lekker, PZ (ANC)

Verskonings

Gillion MN (ANC)

Wenger, MM (DA)

Me N Jamce, Komiteekoördineerder, het die afvaardiging vergesel.

1. Inleiding

Die Staande Komitee het besluit om 'n toesigbesoek by die Tygerberg-hospitaal af te lê as deel van sy toesigmandaat oor die Departement van Gesondheid en om aan sy program te voldoen.

2. Oorsig

Die afvaardiging het die Tygerberg-hospitaal op Dinsdag 5 Februarie 2019 besoek. Die doel van die besoek was om die infrastruktuurprojekte by die Tygerberg-hospitaal wat aan die gang is, te beoordeel, met spesifieke verwysing na die uitdagings wat by die hospitaal ondervind is as gevolg van die voortgaande infrastruktuurprojekte, die opknappings, die bou van die nuwe Tygerberg-hospitaal en die impak wat die projek op dienslewering het.

3. Hoofpunte wat uit die besoek voortspruit

- 3.1. Die Tygerberg-hospitaal is in 1972 gebou en die terrein beslaan 64 hektaar grond.
- 3.2. Die hospitaal verskaf gespesialiseerde en 'n volle suite of subgespesialiseerde dienste en is 'n groot diensplatform in die Kaapse metropolitaanse gebied en vir landelike distrikte.
- 3.3. Die bedryfsbegroting van die Tygerberg-hospitaal was R2,8 miljard in 2017/18. Die hospitaal het 'n 90%-bedbesettingskoers, met 'n totaal van 1 384 beddens waarvan 310 aan kinderdienste toegewys is.
- 3.4. In die 2017/18-boekjaar het die hospitaal verslag gedoen dat daar 107 862 toelatings was, 519 857 buitepatiëntbesoeke, 7 361 keisersneegeboorte, 29 289 sjirurgiese operasies en 'n noodsentrum-koppetelling van 40 161.
- 3.5. Die hospitaal verskaf 'n opleidingsplatform vir professionele gesondheidswerkers in vennootskap met vier instellings vir hoër onderwys, naamlik die Universiteit van Stellenbosch, die Universiteit van Kaapstad, die Universiteit van Wes-Kaapland en die Kaapse Skiereilandse Universiteit vir Tegnologie.
- 3.6. Die hospitaal se ouerwordende infrastruktuur hou 'n risiko in vir die verskaffing van gesondheidsorgdienste en het diensonderbrekings, 'n oorvol omgewing, logistieke en bedryfsondoeltreffendheid, gespanne personeellede en probleme met die brand- en personeelnakoming tot gevolg.
- 3.7. 'n Versagtingstrategie vir die ouerwordende infrastruktuur wat agteruitgaan is ontwikkel vir instandhoudings- en remediërende werk, met die klem op infrastruktuur, tegnologie, mense en toegang.

- 3.8. Die Versagtingstrategie het ten doel om aandag te skenk aan sleuteluitdagings soos bedryfsondoeltreffendheid, die uitgediendheid en onaanpasbaarheid van die huidige hospitaalgebou en die slegte omgewing vir die verskaffing van gesondheidsorg, opleiding en navorsing. Die behoefte bestaan ook om voorsiening te maak vir die vereistes van 'n nuwe diensplatform en die toekomstige gesondheidsorgbehoefte van die bevolking.
- 3.9. Die Tygerberg-hospitaal is besig met 'n herontwikkelingsprojek om aandag te skenk aan infrastruktuuruitdagings. Dit sal in die behoefte aan 'n doeltreffende, aanpasbare en goed gebalanseerde fasiliteit wat ten volle funksioneel is, voldoen.
- 3.10. Die doel van die herontwikkelingsprojek is om die huidige Tygerberg-hospitaal op te knap en dit te omskep in 'n moderne fasiliteit met 1 600. 'n Sentrale hospitaal met 'n bedtoewysing van 1 100 sal ook op die terrein gebou word om in die behoeftes van vlak 2-, vlak 3- en kwaternêre pasiënte te voldoen.
- 3.11. Die Departement van Gesondheid het verslag gedoen dat daar beplan word om 'n nuwe streekshospitaal met 550 beddens agter die Universiteit van Wes-Kaapland langs die spoorwegstasie te bou. Die nuwe hospitaal sal die diensdruk op die Tygerberg-hospitaal verlig en gesondheidsdienste nader aan mense bring.
- 3.12. 'n Strategie vir Infrastruktuurinstandhouding en Remediërende Werk wat 10 jaar sal duur, is ontwikkel om aandag te skenk aan die slegte infrastruktuur-omstandighede wat die verskaffing van gesondheidsorg belemmer 'n slegte werkomgewing skep. Die Infrastruktuurinstandhoudingstrategie is as kapitaal- en instandhoudingsprojekte ontwerp.
- 3.13. Die Departement van Vervoer en Openbare Werke, wat ook teenwoordig was, het verslag gedoen dat die Tygerberg-hospitaal se Strategie vir Infrastruktuurinstandhouding en Remediërende Werk wat 10 jaar sal duur, oor rigtinggewende beginsels en 'n raamwerk beskik wat daarop gerig is om die tegniese toestand te verbeter, om die risiko van diensonderbreking te verminder en om sekuriteit, brandveiligheid en beroepsgeondheid en -veiligheid te verbeter.
- 3.14. Die implementering van die Strategie vir Infrastruktuurinstandhouding en Remediërende Werk wat 10 jaar sal duur, het ten doel om die ontwikkeling te stroomlyn, om die strategiese doelwit aanvaarbaar te maak en om die beplanning, ontwerp, konstruksie en gesondheidstegnologie te koördineer.
- 3.15. Die Departement van Vervoer en Openbare Werke het ook verslag gedoen dat die Departement verantwoordelik is vir die bestuur van kontrakteurs om toe te sien dat daar koördinering is tussen werkgedeeltes en gespesialiseerde subkontraakteurs terwyl die Departement van Gesondheid vir gesondheidstegnologie verantwoordelik is.
- 3.16. Die Departement van Vervoer en Openbare Werke het die Komitee ingelig dat die Tygerberg-hospitaalprojek teen die sperdatum voltooi sal wees. Die Departement het in 2018 meer personeellede aangestel wat die projek streng sal monitor. Die Departement het verder ook 'n interne gehalteversekeringsdokument opgestel om die prestasie van kontrakteurs te monitor.
- 3.17. Die Tygerberg-hospitaal sal 'n nuwe RT-skandeerder (rekenaartomografie-skandeerder) met die nuutste tegnologie ontvang.
- 3.18. Die Komitee het waargeneem dat vier operasieteatres opgeknop is en dat die ander onder konstruksie was.
- 3.19. Twee hysbakke aan die westekant van die apteek is opgeknop.
- 3.20. Die watersilinders is opgegradeer en 'n grootmaatwaternetwerk en boorgate is geïnstalleer.

- 3.21. Ingang 2 van die hospitaal sal opgeknop word om 'n kindervriendelike ingang te word.
- 3.22. Die pediatriese nooddienst suksessief om by te bly met die groot getal pasiënte.
- 3.23. Die buitepasiëntsalaal sal omskep word in 'n pediatriese salaal met 28 beddens.
- 3.24. Die Komitee het die Tygerberg-wassery besoek waar al die wasgoed van die hospitaal en van die Lentegoor-hospitaal gewas word. Op die terrein van die wassery is daar 'n waterbehandelingsaanleg waarheen water gepomp word om vir hospitaalgebruik gesuiwer te word.
- 3.25. Die noodgevalsalaal was tot oorloopen vol met sommige pasiënte met binnearese druppe wat in gange wag vir beddens om beskikbaar te word.

4. Aanbevelings

Die Komitee het aanbeveel dat die Departement duidelik sigbare aanwysingsborde in al drie amptelike tale in die hospitaal moet aanbring.

5. Erkennings

Die Komitee wens sy waardering uit te spreek teenoor die hele personeel van die Tygerberg-hospitaal en die amptenare van die Departement van Gesondheid en die Departement van Vervoer en Openbare Werke of Transport vir die aanbieding. Die Komitee het ook sy waardering uitgespreek teenoor al die personeellede van die Tygerberg-hospitaal vir hul toewyding en harde werk met die verskaffing van gesondheidsorgdienste aan die gemeenskappe van die Wes-Kaap onder besonder moeilike werksomstandighede.

6. Gevolgtrekking

Die Komitee het sy toesigbesoek aan die Tygerberg-hospitaal suksesvol afgelê.

10. Verslag van die Komitee oor Openbare Rekeninge oor die jaarverslae van die Departement van Landbou en Kaapse Agentskap vir Volhoubare, Geïntegreerde Ontwikkeling in Landelike Gebiede (Kavolg) vir die 2016/17- en 2017/18-boekjaar

1. Inleiding

Op 27 Februarie 2019 het die Komitee oor Openbare Rekeninge (die Komitee) toesig uitgeoefen oor die jaarverslae van die Departement van Landbou (die Departement), insluitende Kavolg, vir die 2016/17- en 2017/18-boekjaar.

Die Komitee het nie toesig uitgeoefen oor die bogenoemde jaarverslae van die Departement en sy entiteit toe die Wes-Kaapse Provinsiale Parlement (WKPP) vergaderings gedurende Oktober en November 2017 daarvoor geskeduleer het nie omdat die jaarverslae in daardie tyd nie aan die wetgewer voorgelê het nie en dus nie ter tafel gelê is nie.

Verder was die Komitee nie in staat om toesig uit te oefen oor die jaarverslae van die Departement en sy entiteit toe die Wes-Kaapse Provinsiale Parlement (WKPP) vergaderings gedurende Oktober en November 2018 daarvoor geskeduleer het nie. Die

rede vir die vertraging was die meningsverskil tussen die Departement en die Ouditeur-generaal van Suid-Afrika (OGSA). Die meningsverskil hou verband met die klassifisering van sekere bestedings as oordragbetalings of as goedere en dienste.

Die Minister van Ekonomiese Geleentehede in die Wes-Kaap het op 22 Oktober 2018 'n dispuut by die Wes-Kaapse Hooggeregshof aanhangig gemaak het met die doel om die Hof te versoek om die Ouditeur-generaal se gekwalifiseerde mening en die volgende bevindings te hersien en ter syde te stel:

Dat die Departement van Landbou nie rekenskap gegee het van betalings ooreenkomstig die Gemodifiseerde Kontantstandaard (“Modified Cash Standard”) nie;

Dat die Departement verkeerdelik vir betalings begroot het as Oordragte in plaas van Goedere en dienste;

Dat die Departement onreëlmatige kontrakte met “implementeringsagente” aangegaan het en nie aan die regulasies van die Nasionale Tesourie voldoen het nie; en

Dat die prinsipaal-agent-verhoudings nie openbaar gemaak is nie.

Aangesien daar onduidelikheid was oor die omvang van die sub judice-reël, insluitende die mate waarin die Komitee kwessies kon bespreek wat voor die hof dien, is 'n vergadering vir 27 Februarie 2019 geskeduleer waartydens die Komitee toesig kon uitoefen oor die jaarverslae van die Departement en sy entiteit vir die 2017/18-boekjaar.

Hierdie verslag moet gelees word saam met die verslag van die Komitee oor die oudituitkomste van die jaarverslae van die Wes-Kaapse Regering [ATK 102 van 2018].¹

Die Komitee stel sy bevindings op skrif ooreenkomstig die WKPP se Staande Reël 98(1)(a)(iii), 98(2) en 98(3) en dui die bevindings, aanbevelings en versoeke om inligting vir elke onderskeie jaar hier onder aan.

2. Begrotingspos 11: Departement van Landbou (2016/17-boekjaar)

Die Komitee het kennis geneem van die ouditmening van die OGSA oor die finansiële jaarstate van die Departement vir die 2016/17-boekjaar nadat 'n gekwalifiseerde ouditmening met bevindings oor tekortkominge met interne beheer uitgespreek is. Hierdie ouditmening verteenwoordig 'n agteruitgang in vergelyking met die 2015/16-boekjaar.

2.1 Ouditmening

Die OGSA het bevindings by die Departement aangemeld oor tekortkominge met interne beheer.

2.1.1 Gekwalifiseerde mening

Oorplasinge en subsidies: Die Departement het nie rekenskap gegee van betalings wat aan implementeringsagente gemaak is ooreenkomstig die vereistes van die Gemodifiseerde Kontantstandaard (“Modified Cash Standard” of MCS) soos

¹ Sien asseblief ATK 62 van 2017, ATK 80 van 2018 en ATK 102 van 2018 van die WKPP wat 'n tydlyn gee van die ter sprake onderwerp. Die ATK's sal aan die einde van die verslag aangeheg word.

voorgeskryf deur die Nasionale Tesourie nie. Die Departement het vir hierdie bedrae begroot en daarvan rekenskap gegee as oorplasinge en subsidieë in plaas van óf as besteding aan kapitaalbates óf as goedere en dienste soos vereis deur die MCS. Gevolglik is oorplasinge en subsidieë met R274,3 miljoen ooraangegee in die 2016/17-boekjaar en met R250 miljoen in die 2015/16-boekjaar en die volgende gedeeltes van die finansiële state is onderaangegee of nie onthul nie:

- Besteding aan kapitaalbates of goedere en dienste geklassifiseer volgens die aard van die besteding wat aangegaan is.
- Kapitaalbates wat aan die Departement behoort en verkry is of geskep is volgens hierdie reëling.
- Voorafbetalings wat betalings verteenwoordig wat vooruit aan implementeringsagente gemaak is en wat aan die einde van die jaar onderbestee is.
- Gepaste aanpassings aan die aansuiweringstaat om die korrekte klassifisering van transaksies, soos vereis deur die MCS, te weerspieël.

Onreëlmatige besteding: Die Departement het kontrakte met implementeringsagente aangegaan sonder om die Tesourie se regulasies toe te pas. Wanneer die Departement implementeringsagente kontrakteer, onthef dit nie die Departement daarvan om toe te sien dat die fondse wat namens die Departement deur agente bestee word, aan die vereistes vir 'n toepaslike verkryging-en-verskaffingstelsel voldoen wat regverdig, billik, deursigtig, mededingend en kostedoeltreffend is nie. Die voorsieningskanaalbestuurspraktyke wat deur hierdie agente geïmplementeer was, het nie aan die beginsels van die WOFB en die Tesourie se regulasies voldoen nie. Die Departement het nie enige onreëlmatige besteding as gevolg van die nienakoming van die toepaslike VKB-voorskrifte deur agente, soos vereis ingevolge artikel 40(3)(b)(ii) van die WOFB, geïdentifiseer of onthul nie. Gevolglik is onreëlmatige besteding onderaangegee. Die OGSA was nie in staat om die volle omvang van die onderaangewing te bepaal nie omdat dit onprakties was om dit te doen.

2.1.2 Bevinding met betrekking tot tekortkominge met interne beheer

Leierskap: Die leierskap het nie voldoende toesig uitgeoefen oor die finansiële verslagdoening nie ten einde toe te sien dat daar konsekwentheid was in die manier waarop entiteite rekenskap gee van fondse wat na hulle oorgeplaas is en dit het tot die verkeerde klassifisering van fondse wat van die Departement aan entiteite oorgeplaas is, gelei. Die onvoldoende toesig deur die Departement het ook daartoe gelei dat die nienakoming van VKB-voorskrifte deur entiteite nie voorkom is nie wat tot gevolg gehad het dat onreëlmatige besteding aangegaan is.

2.2 Finansiële bestuur

Die Departement het R807,7 miljoen van 'n begroting van R815,8 miljoen bestee, wat 'n algehele onderbesteding van R8 miljoen (1%) tot gevolg het. Daarbenewens is die totale departementele inkomstebegroting van R28,8 miljoen ooringevorder met R11,2 miljoen, wat 'n departementele ontvangs van R40 miljoen tot gevolg gehad het.

Die oorinvordering van inkomste het by die volgende lynitems voorgekom:

- Verkoop van goedere en dienste anders as kapitaalbates (R3,6 miljoen);
- Rente, dividende en huur van grond (R6,9 miljoen);
- Verkoop van departementele kapitaalbates (R187 000); en
- Finansiële transaksies met bates en laste (R368 000).

Die Komitee het daarvan kennis geneem dat die algehele onderbesteding deur die Departement by die volgende voorgekom het:

Programme

- Program 1: Administrasie (R2,2 miljoen), en
- Program 2: Volhoubare hulpbronbestuur (R5,8 miljoen).

Ekonomiese klassifikasies

- Huidige betalings (R8 miljoen);
- Vergoeding van werknemers (R5,8 miljoen); en
- Goedere en dienste (R2,2 miljoen).

2.3 Besluite

| AGTERGROND/ BEKOMMERNISSE | BESLUIE | AKSIEDATUM |
|--|---|---|
| <p><u>Bladsy:</u> 177 van die Jaarverslag</p> <p><u>Opskrif:</u> “Die doeltreffendheid van interne beheer”</p> <p><u>Beskrywing:</u> Die Komitee neem kennis van die volgende versekerings-skakelings wat deur Interne Oudit goedgekeur en voltooi is gedurende die 2016/17-boekjaar, soos volg:</p> <ul style="list-style-type: none"> • Verdere Onderwys en Opleiding (VOO) & Hoër Onderwys en Opleiding (HOO) (Versekeringskakeling); • Evalueringsplanne – Bestuursverbeteringsplan (Versekeringskakeling); • Oordragbetalings – WIETA (Versekeringskakeling); en • FRUITLOOK-projek (Oorlegplegende skakeling). | <p>Die Komitee het versoek dat die Departement ’n verduidelikende nota by alle toekomstige jaarverslae insluit wat vorige versekeringskakelings van die voorafgaande boekjaar uitlig en wys hoe hieraan aandag geskenk is, insluitende of enige skakelingsverbande geïdentifiseer is tussen die vorige en die huidige versekeringskakelings waarvoor verslag gedoen is.</p> | <p>Om geïmplementeer te word in alle toekomstige jaarverslae van die Departement.</p> |

2.4 Lys inligting versoek

2.4.1 Die Komitee het versoek dat die Departement van Landbou die volgende aan die Komitee verstrek:

2.4.1.1 Die beantwoordende dokumente van die OGSA wat ingedien is met betrekking tot die dispuut wat die Minister van Ekonomiese Geleentehede op 22 Oktober 2018 by die Wes-Kaapse Hooggeregshof aanhangig gemaak het met die doel om die Hof te versoek om die Ouditeur-generaal se gekwalifiseerde mening en verwante bevindings te hersien en ter syde te stel; soos aangedui deur die Minister van Ekonomiese Geleentehede tydens haar openingstoespraak by die vergadering van die Komitee oor Openbare Rekeninge meeting op 27 Februarie 2019.

2.4.1.2 'n Verslag oor die versekeringskakelings wat deur die Departement in die 2016/17-boekjaar onderneem is, soos weergegee op bladsy 176 en 177 van die Jaarverslag.

3 Begrotingspos 11: Departement van Landbou (2017/18-boekjaar)

Die Komitee het kennis geneem van die ouditmening van die OGSA oor die finansiële jaarstate van die Departement vir die 2017/18-boekjaar nadat 'n gekwalifiseerde ouditmening met bevindings oor vooraf bepaalde doelwitte en tekortkominge met interne beheer uitgespreek is. Hierdie ouditmening verteenwoordig 'n agteruitgang in vergelyking met die 2016/17-boekjaar.

3.1 Ouditmening

Die OGSA het bevindings by die Departement aangemeld oor sy vooraf bepaalde doelwitte en tekortkominge met interne beheer.

3.1.1 Gekwalifiseerde mening

Oorplasinge en subsidies: Die Departement het nie rekenskap gegee van betalings wat aan implementeringsagente gemaak is ooreenkomstig die vereistes van die Gemodifiseerde Kontantstandaard (“Modified Cash Standard” of MCS) soos voorgeskryf deur die Nasionale Tesourie nie. Die Departement het vir hierdie bedrae begroot en daarvan rekenskap gegee as oorplasinge en subsidies in plaas van óf as besteding aan kapitaalbates óf as goedere en dienste soos vereis deur die MCS. Gevolglik is oorplasinge en subsidies met R259,1 miljoen (2017: R274,3 miljoen) ooraangegee en die volgende gedeeltes van die finansiële state is onderaangegee of nie onthul nie

- Besteding aan kapitaalbates of goedere en dienste geklassifiseer volgens die aard van die besteding wat aangegaan is.
- Kapitaalbates wat aan die Departement behoort en verkry is of geskep is volgens hierdie reëling.
- Voorafbetalings wat betalings verteenwoordig wat vooruit aan implementeringsagente gemaak is en wat aan die einde van die jaar onderbestee is.
- Gepaste aanpassings aan die aansuiweringstaat om die korrekte klassifisering van transaksies, soos vereis deur die MCS, te weerspieël.
- Prinsipaal-agent-verhoudings nie openbaar gemaak is nie.

Onreëlmatige besteding: Die Departement het kontrakte met implementeringsagente aangegaan sonder om die Tesourie se regulasies toe te pas. Wanneer die Departement

implementeringsagente kontrakteer, onthef dit nie die Departement daarvan om toe te sien dat die fondse wat namens die Departement deur agente bestee word, aan die vereistes vir 'n toepaslike verkryging-en-verskaffingstelsel voldoen wat regverdig, billik, deursigtig, mededingend en kostedoeltreffend is nie. Die voorsieningskanaalbestuurspraktyke wat deur hierdie agente geïmplementeer was, het nie aan die beginsels van die WOFB en die Tesourie se regulasies voldoen nie.

Die Departement het nie enige onreëlmatige besteding as gevolg van die nienakoming van die toepaslike VKB-voorskrifte deur implementeringsagente, soos vereis ingevolge artikel 40(3)(b)(ii) van die WOFB, geïdentifiseer of onthul nie. Gevolglik is onreëlmatige besteding onderaangegee. Die OGSA was nie in staat om die volle omvang van die onderaangewing te bepaal nie omdat dit onprakties was om dit te doen. Hierdie en die vorige jaar se wanvoorstellings bly onopgelos.

3.1.2 Bevindings wat verband hou met vooraf bepaalde doelwitte

Program 2 – Volhoubare hulpbronbestuur.

Subprogram 2.2: LandCare – bevordering van die bewaring van natuurlike landbouhulpbronne.

Aanwyser P.2.2.4 – getal beskermingswerke: Die OGSA was nie in staat om voldoende toepaslike ouditbewyse te verkry om die bestaan van 'n stelsel en prosesse wat betroubare verslagdoening oor die werklike prestasie gemeet aan die aanwyser te bevestig nie. Voldoende toepaslike ouditbewyse kon in sommige gevalle nie verskaf word nie en in ander gevalle het die ondersteunende bewyse wat verskaf is, nie ooreengestem met die prestasies waaroor in die jaarlikse prestasieverslag verslag gedoen is nie. Gegronde op die ondersteunende bewyse wat verskaf is, was die prestasie anders as die prestasie waaroor in die jaarlikse prestasieverslag verslag gedoen is, maar die OGSA was nie in staat om die prestasie waaroor verslag gedoen is, op ander maniere te bevestig nie. Gevolglik was die OGSA nie in staat om te bepaal of enige aanpassings aan die prestasie gemeet aan die aanwyser waarvoor verslag gedoen is, gemaak moes word nie.

Aanwyser P.2.2.6 – getal veldbenuttingswerke: Die OGSA was nie in staat om voldoende toepaslike ouditbewyse te verkry om die bestaan van 'n stelsel en prosesse wat betroubare verslagdoening oor die werklike prestasie gemeet aan die aanwyser te bevestig nie. Voldoende toepaslike ouditbewyse kon in sommige gevalle nie verskaf word nie en in ander gevalle het die ondersteunende bewyse wat verskaf is, nie ooreengestem met die prestasies waaroor in die jaarlikse prestasieverslag verslag gedoen is nie. Gegronde op die ondersteunende bewyse wat verskaf is, was die prestasie anders as die prestasie waaroor in die jaarlikse prestasieverslag verslag gedoen is, maar die OGSA was nie in staat om die prestasie waarvoor verslag gedoen is, op ander maniere te bevestig nie. Gevolglik was die OGSA nie in staat om te bepaal of enige aanpassings aan die prestasie gemeet aan die aanwyser waarvoor verslag gedoen is, gemaak moes word nie.

Aanwyser P.2.2.10 – getal plaasplanne opgedateer vir die doeleindes van volhoubare boerdery: Die OGSA was nie in staat om voldoende toepaslike ouditbewyse te verkry om die bestaan van 'n stelsel en prosesse wat betroubare verslagdoening oor die werklike prestasie gemeet aan die aanwyser te bevestig nie. Voldoende toepaslike ouditbewyse kon in sommige gevalle nie verskaf word nie en in ander gevalle het die ondersteunende bewyse wat verskaf is, nie ooreengestem met die prestasies waaroor in die jaarlikse

prestasierverslag verslag gedoen is nie. Gegrond op die ondersteunende bewyse wat verskaf is, was die prestasie anders as die prestasie waaroor in die jaarlikse prestasierverslag verslag gedoen is, maar die OGSA was nie in staat om die prestasie waaroor verslag gedoen is, op ander maniere te bevestig nie. Gevolglik was die OGSA nie in staat om te bepaal of enige aanpassings aan die prestasie gemeet aan die aanwyser waaroor verslag gedoen is, gemaak moes word nie.

3.1.3 Tekortkoming met interne beheer

Leierskap: Alhoewel die leierskap voldoende toesig oor die finansiële verslagdoening uitgeoefen het, is die oudituitkomste aangepas as gevolg van die tegniese vereistes oor hoe entiteite rekenskap moet gee van fondse wat aan hulle oorgedra word en dit het gevolglik tot 'n wanklassifisering gelei van die fondse wat van die Departement na die entiteite oorgeplaas is.

Finansiële en prestasiebestuur: Die jaarlikse prestasierverslag bevat wanvoorstellings van materiële aanwysers, alhoewel sommige reggestel is. Daar was ook beperkings op die bewyse wat verskaf is in ooreenstemming met die beskrywing van die tegniese aanwyser. Dit is toeskryfbaar aan 'n stelsel en prosesse wat onvoldoende is vir die versameling van bewyse wat vir daardie aanwysers vereis word.

3.2 Finansiële bestuur

Die Departement het R866,8 miljoen van 'n begroting van R877,6 miljoen bestee, wat 'n algehele onderbesteding van R10,7 miljoen (1,2%) tot gevolg het.

Daarbenewens is die totale departementele inkomstebegroting van R29,2 miljoen ooringevorder met R19,2 miljoen, wat 'n departementele ontvangs van R48,4 miljoen tot gevolg gehad het. Die ooringevordering van inkomste het by die volgende lynitems voorgekom:

- Verkoop van goedere en dienste anders as kapitaalbates (R9,3 miljoen);
- Rente, dividende en huur van grond (R8,6 miljoen);
- Verkoop van departementele kapitaalbates (R241 000); en
- Finansiële transaksies met bates en laste (R1 miljoen).

Die Komitee het daarvan kennis geneem dat die algehele onderbesteding deur die Departement by die volgende voorgekom het:

Programme

- Program 1: Administrasie (R835 000), en
- Program 2: Volhoubare hulpbronbestuur (R3,5 miljoen).
- Program 4: Veterinêre dienste (R2,4 miljoen);
- Program 5: Navorsing en ontwikkeling (R724 000);
- Program 6: Landbou- ekonomiese dienste (R311 000);
- Program 7: Gestruktureerde landbou-onderwys en -opleiding (R2,3 miljoen); en
- Program 8: Landelike ontwikkeling (R633 000).

Ekonomiese klassifikasies

- Huidige betalings (R7,8 miljoen);
- Vergoeding van werknemers (R3,7 miljoen); en
- Goedere en dienste (R4,1 miljoen).

- Oorplasinge en subsidie (R1,3 miljoen)
- Openbare korporasies en privaat ondernemings (R1,3 miljoen).
- Betalings vir kapitaalbate
- Geboue en ander onroerende strukture (R1,6 miljoen).

3.3 Besluite

Geen.

3.4 Lys inligting versoek

Geen.

4 Begrotingspos 11: Kaapse Agentskap vir Volhoubare, Geïntegreerde Ontwikkeling in Landelike Gebiede (Kavolg) (2016/17-boekjaar)

Die Komitee het kennis geneem van die ouditmening van die OGSA oor die finansiële jaarstate van die entiteit vir die 2016/17-boekjaar nadat 'n ongekwalfiseerde ouditmening met geen bevindings nie oor vooraf bepaalde doelwitte uitgespreek is. Hierdie ouditmening bly onveranderd van die 2015/16-boekjaar.

4.1 Ouditmening

Die OGSA het geen bevindings by die entiteit aangemeld oor die nakoming van sleutelwetgewing, vooraf bepaalde doelwitte en tekortkominge met interne beheer nie.

4.2 Finansiële bestuur

Kavolg het, soos onthul in die gedetailleerde finansiële state op bladsy 62 van die entiteit se Jaarverslag, R34,5 miljoen (2015/16: R29,2 miljoen) aan bedryfsuitgawes bestee. Dit sluit projekbesteding en salarisse ter waarde van R277,1 miljoen (2015/16: R278 miljoen) uit soos onthul op bladsy 62 van die entiteit se Jaarverslag.

4.3 Besluite

| BACKGROUND/ CONCERNS | BESLUIE | ACTION DATE |
|---|--|--|
| <p><u>Bladsy:</u> 22 van die Jaarverslag</p> <p><u>Opskrif:</u> "Verbinding van prestasie met begrotings"</p> <p><u>Beskrywing:</u> Die Komitee neem kennis van die feit dat die entiteit verslag gedoen het oor sy toegewysde begroting asook van die besteding ten opsigte van al sy programme in die 2016/17-boekjaar. Die Komitee het egter gevind dat daar geen verduidelikende notas was wat verdere inligting verskaf het nie.</p> | <p>Die Komitee het versoek dat die entiteit in alle toekomstige jaarverslae voetnotas gebruik om die oor- en onderbesteding van toegewysde fondse van elk van sy programme te verduidelik.</p> | <p>Om geïmplementeer te word in alle toekomstige jaarverslae van die entiteit.</p> |

4.1 Lys inligting versoek

4.4.1 Die Komitee het versoek dat Kavolg die Memorandum van Ooreenkoms wat deur die entiteit en die Departement van Landbou aangegaan is en waarin die konsep van die prinsipaal-agent-beginsel tot stand kom, aan die Komitee voorlê.

5. Begrotingspos 11: Kaapse Agentskap vir Volhoubare, Geïntegreerde Ontwikkeling in Landelike Gebiede (Kavolg) (2017/18-boekjaar)

Die Komitee het kennis geneem van die ouditmening van die OGSA oor die finansiële jaarstate van die entiteit vir die 2017/18-boekjaar nadat 'n ongekwalifiseerde ouditmening met bevindings oor vooraf bepaalde doelwitte uitgespreek is. Hierdie ouditmening verteenwoordig 'n agteruitgang in vergelyking met die 2016/17-boekjaar.

5.1 Ouditmening

Die OGSA het bevindings by die entiteit aangemeld oor die nakoming van sleutelwetgewing, vooraf bepaalde doelwitte en tekortkominge met interne beheer.

5.2 Finansiële bestuur

Kavolg het, soos onthul in die gedetailleerde finansiële state op bladsy 56 van die entiteit se Jaarverslag, R38,3 miljoen (2016/17: R34,4 miljoen) aan bedryfsuitgawes bestee. Dit sluit projekbesteding en salarisse ter waarde van R309,9 miljoen (2016/17: R277,1 miljoen) uit soos onthul in die bylae by die finansiële state op bladsy 72 van die entiteit se Jaarverslag.

5.3 Besluite

Geen.

5.4 Lys inligting versoek

Die Komitee het versoek dat Kavolg 'n verslag aan die voorlê waarin die bedankings en diensbeëindigings, soos aangedui op bladsy 49 en 50, verduidelik word.